Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 11/6/2021

BELANGRIK: INTERVENSIE EN HULPVERLENING VOOR TOETSREEKS

Ten einde leerders sinvol te help voorberei vir die toetsreeks, word daar op **Maandag, 14 Junie**, intervensie en hulpverlening aangebied voor die aanvang van die toetsreeks.
Slegs leerders wat hulp benodig, moet in die onderstaande tydgleuwe, die skool besoek.
Die personeel van die verskillende vakke sal dan vir dié leerders, volgens die tydgleuwe beskikbaar wees.
Op Dinsdag, 15 Junie, sal die skool dan gesluit wees ten einde alle klasse diep te reinig voor die toetsreeks in aanvang neem.

DAG	TYDGLEUWE	GRAAD 8 – 9	GRAAD 10 – 12
MAANDAG 14 Junie	7:30 – 8:30	Wiskunde	Wiskunde Wiskundige Geletterdheid Dramatiese Kunste Visuele Kunste Ontwerp
	8:30 – 9:30	Natuurwetenskappe LOR	Afrikaans Geskiedenis Besigheidstudies Ekonomie LOR
	9:30 – 10:30	Afrikaans Engels	Engels Geografie Rekeningkunde Toerisme Gasvryheidstudies
	10:30 – 11:30	EBW Sosial Wetenskappe	Lewenswetenskappe Musiek Dansstudie
	11:30 – 12:30	Skeppende Kunste Tegnologie	RTT IT Fisiese Wetenskappe

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

SOSIALE WETENSKAPPE: TOETSE

Weens verskeie navrae van ouers af, is daar besluit om die Sosiale Wetenskappe toetse vir Graad 8 én Graad 9 in twee sessies te deel. Alle leerders (Graad 8-9) het die nuwe roosters in die klas ontvang en dit is ook so aan ouers gekommunikeer. Die datums is dus as volg:

Graad 8: 28 Junie	Sessie 1 (Geskiedenis)	Sessie 2 (Aardrykskunde)
Graad 9: 25 Junie	Sessie 1 (Geskiedenis)	Sessie 2 (Aardrykskunde)

GEEN "40-DAYS" NIE

In die lig van die feit dat verskeie skole na afloop van hul matrikulante se 40-dae feesvieringe moes sluit weens die getal Covid-gevalle wat uitgebreek het, sal dit onverantwoordelik wees van die bestuur van ons skool om toestemming tot dié vieringe te gee. Ons matrikulante bly die prioriteit en aangesien die toetsreeks reeds op 17 Junie in aanvang neem, kan geen moontlikheid vir sosiale brandpunte tans toegestaan word nie. Indien 'n matrikulant nou siek word of moet isoleer, kan dit daartoe lei dat die leerder nie hul Junie-toetse aflê nie en dus nie hul volledige SBA voltooi het nie. Elke leerder benodig 'n volledige SBA-punt ten einde toegang tot die eindeksamen te verkry. Daar moet dus nou eerder versigtig en verantwoordelik opgetree word. Te midde van 'n huidige derde golf wat na vore tree, vra ons, ons matrikulante om hulself veilig te hou; om eerder hard te studeer en om te fokus op die jaar se punte – dit is die aspekte wat ons so ver as moontlik kan beheer ten einde vir elkeen 'n positiewe toekoms te skep.

GEBRUIK EN GEVAAR VAN SOSIALE MEDIA

Alle tieners het deesdae selfone en gebruik dit mildelik. Hulle besoek ook verskeie tuistes en gebruik allerlei toepassings soos Instagram, Twitter, Whatsapp, Tik-tok videos ens. Dit is egter kommerwekkend om te sien hoe min van hierdie leerders besef dat hul verantwoordelik gehou kan word vir dit wat hul op sosiale media plaas. Leerders dink werklik dat as hul iets plaas, dit net beskikbaar is vir die een persoon waarvoor hul dit gestuur het én hul verkeer onder die wanindruk dat hul sosiale plasings kan "delete" en dit dat nie meer sigbaar of verkrygbaar is nie. Dit is skokkend dat jongmense in die tegnologiese era grootword, maar self nie besef wat die gevare van tegnologie is nie.

Graag wil ons aan hulle 'n paar van die wetlike en realistiese gevolge voorhou:

1. Indien enige iets oor enige iemand geplaas word, of jy die persoon of plek se naam noem of nie, en één ander persoon lees dit, dan tree die publikasiewet in werking. Dit beteken dat indien enige iemand kan aflei na wie of watter plek jy verwys, kan jy (of jou ouers wat vir jou verantwoordelik is) gedagvaar word.

Leerders besef nie dat elkeen van die sosiale media toepassings baie duidelik aandui, dat jy (die persoon wat iets plaas) verantwoordelik gehou kan word vir dit wat jy plaas nie. Wanneer enige leerder 'n toepassing op hul foon laai moet hul kies "I agree" in die terme en voorwaardes. Dit sluit in dat jy aanvaar dat jy verantwoordelik is en dat jou inligting wêreldwyd gedeel kan word.

Die meeste toepassing het min of meer die volgende terme: “In order to operate and provide our services, you grant _____ a worldwide, non-exclusive, royalty-free and transferable right to use, reproduce, distribute, create derivative works of, display and person information that you upload, submit, store, send or receive on or through our service.”

2. Indien jy inligting, plasings, foto’s ens. “delete” kan dit steeds deur die ander party gekry word. Daar is tot toepassings wat jy kan oplaai om “deleted” boodskappe te sien! Leerders moet dus uiters versigting wees oor wat hulle oplaai.

3. Leerders dink ook omdat hul minderjarig is, kan hul nie aangekla word vir kriminele oortredings nie. Onthou egter dat leerders tussen 10-14 jaar wel krimineel aangekla kan word, die staat besluit net oor die klag. Leerders tussen 14-18 jaar kan egter wel krimineel aangekla word. Indien jy dus plasings maak wat onvanpas, skadelik ens. is, kan jy krimineel aangekla word!

4. Ten slotte dink leerders dat indien hul net deel van ‘n groep is, waar daar ‘n skadelike plasing op was, maar hul het dit nie geplaas nie, is hul onskuldig. Dit is nie wat die wet sê nie: Jy het ‘n keuse. Indien jy op die groep bly en die plasing lees, sien die wet jou as deel. Indien jy iets sien wat verkeerd is, moet jy daarteen opstaan; die groep verlaat en dit gaan aanmeld, anders is jy net so skuldig.

Ons wil alle ouers vra om u kind bewus te maak van die gevare van die gebruik van sosiale media. Dit is ‘n booswig wat deel van ons daaglikse bestaan geword het, maar wat beslis korrek hanteer kan word.

KALEIDOSKOOP

Leerders kan op die Kaleidoskoop Google Classroom inskryf om deel te neem. Die afdelings is: Engelse skryfwerk, Afrikaanse skryfwerk, Public Speaking, Redenaars, Koekversiering, Fotografie, Kuns, Dans, Drama en Musiek (Instrumentaal en sang).

Alle inligting is op die Google klaskamer beskikbaar. Die finale inhandiging vir enige stukke is 20 Augustus.

Die klaskamerkode is: rsgk7vc
Onthou: Deelname is gratis!

WONNIE KALEIDOSKOOP Kunswedstryd

MNR LEZAR
SKOOLHOOF